

# 9

## MY TAALGEBRUIK

### Tel jou woorde

#### **GESINSLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die ouers en kinders moet daaraan dink dat taal afbrekend of opbouend kan wees.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders en ouers moet weet dat afbrekende woorde ander seermaak.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- bereid wees om nie seer te maak met woorde nie.
- berou hê wanneer hulle ander met woorde seergemaak het.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet drie maniere identifiseer om opbouend te praat.

#### **MEER INLIGTING (Efesiërs 4: 29; Jakobus 3: 1-12)**

Ons praat almal maklik en baie. Het jy al ooit daaraan gedink dat die manier hoe jy praat ander mense kan seermaak? Die meeste van die tyd weet ons nie eens dat ons mense seermaak met ons manier van praat nie. Daar is egter tye dat ons dit moedswillig doen. Hoor wat sê die Bybel: *Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.*

Wat is vuil, onwelvoeglike of ongehoorde taal?

Onweloweglike of ongehoorde taal is wanneer ons die Here se Naam misbruik. Ons mag die Here se Naam *gebruik* wanneer ons bid of as ons ander mense van Hom vertel, maar ons mag dit nooit *misbruik* deur dit sommer as 'n "uitroepwoord" of stopwoord te gebruik nie. Daarmee sê ons dan dat ons geen respek vir God het nie.

Vuil, onweloweglike, ongehoorde taal is wanneer ons woorde gebruik om mense te beledig of sleg te sê. Ons noem dit vloektaal. Vuil taal is nie net sekere woorde wat ons ken as vloekwoorde nie. Vuil taal kom uit ons hart. Wanneer ons bedoel om mense seer te maak met wat ons sê, word enigiets wat ons sê vuil taal. Dit verneder mense. Iemand wat só praat, dra haat in sy hart. Haat is sonde. Vuil en onweloweglike taal is baie keer ook 'n teken van 'n swak selfbeeld – omdat jy nie iemand se aandag trek met die goeie dinge wat jy doen nie, gebruik jy vloektaal om die aandag op jou te vestig.

Dink van nou af baie mooi voordat jy praat. Vra jouself af of dit wat jy gaan sê mense goed sal laat voel en of dit hulle seer sal maak.

Wanneer jy vir mense kwaad is, sê eerder vir hulle jy voel kwaad oor wat hulle gedoen het. Jy moet eerlik wees oor hoe jy voel. Maar moet nooit iemand beledig of verwyt nie. Moet nooit sê *Jy is 'n leuenaar* of *Jy is 'n skelm* nie. Sê eerder: *Ek voel teleurgesteld dat jy nie eerlik met my was nie.*

Hoe kan ons dit vermy om vuil taal te gebruik? Onthou altyd dat die Here jou al jou sonde vergewe het. Daarom moet ons mense wat verkeerde dinge aan ons doen, ook vergewe. Vra ook verskoning wanneer jy kwaad aan ander gedoen het. Praat so ver moontlik net oor mense se goeie eienskappe. Alle mense het goeie en slegte eienskappe – oor die goeies wens ons hulle geluk; oor die slegtes probeer ons hulle reghelp. Kyk na ander mense soos Jesus na hulle kyk. Met 'n hart wat vergewe en wat liefhet. As jou hart vol liefde is, sal jy só met mense kan praat dat hulle goed oor hulself voel. Hulle sal sommer baie van jou hou. Oefen in jul huis om verskille op so 'n manier uit te praat dat almal na die tyd goed oor hulself sal voel.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Vir elke groep –
  - A3-papier– sien IETS OM TE DOEN,
  - 'n potlood,
  - 'n skêr, en
  - gom.
- Vir elke kind 'n kaartjie soos hieronder, helfte van A5, sonder 'n versie.

## **KOM ONS BEGIN**

Laat een van die kinders of ouers wat wil met gebed open, of doen dit self.

## **HET HULLE ONTHOU?**

- Laat enkele kinders dit wat hulle oor die Rietsee op die internet gekry het, met die klas deel.

- Laat hulle vertel hoe die Here uitkoms gegee het toe hul ouers moedeloos was.
- Laat enkele lees wat hulle by die prent geskryf het.
- Vind uit of die doolhof vir hulle moeilik was.
- Kontroleer of hulle die volgende feite ken:
  - Na die hoeveelste plaag het die farao besluit om die Israeliete te laat trek? (*Tiende plaag.*)
  - Wat doen die farao pas nadat die Israeliete weggetrek het? (*Hy het gou besluit om hulle weer te laat terugkom.*)
  - Waar het sy weermag die Israeliete vasgedruk? (*Teen die Rietsee.*)
  - Hoe het die Israeliete deur die Rietsee gekom? (*Die Here het die Israeliete droogvoets deur die Rietsee laat trek.*)
  - Wat het van die Egiptenaars geword? (*Hulle het almal verdrink.*)
  - Watter vier dinge leer ons uit hierdie gebeurtenis?
    - Die Here help as dit nodig is.
    - Ons moenie moedeloos word nie.
    - Ons moet op God vertrou.
    - Hy beskerm sy kinders.
- Laat een kind hierdie teks voltooi en vra 'n paar ander om dit te herhaal:

*Bly julle maar kalm ..... (Die Here sal vir julle veg.) (Eksodus 14: 14)*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Gesels met die kinders en die ouers oor die unieke eienskap waarom slegs mense beskik, naamlik die gawe van spraak, die gawe om met mekaar te kan kommunikeer.

Om die ys te breek, speel as gesin 'n onthouspeletjie: Kyk of julle kan onthou wat elke kind se eerste woorde of sinne was. Die ouers kan ook oulike en snaakse sêgoed uit die kinders se babadae met die klas deel. Dit is belangrik dat die gesprek positief moet wees.

### **IETS INTERESSANT**

Gebruik MEER INLIGTING hierbo om die volgende te verduidelik:

- Wat is vuil, onwelvoeglike of ongehoorde taal?
- Hoe behoort 'n mens te kommunikeer?

### **IETS BELANGRIK**

Beklemtoon die volgende feite:

- Die manier hoe jy praat, kan ander mense seermaak.
- Die Bybel leer ons: *Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is.*
- Onbehoorlike of onwelvoeglike taal is –
  - wanneer ons die Here se Naam misbruik – daarmee sê ons dat ons geen respek vir God het nie.
  - wanneer ons vieslike vuil grappe vertel.

- Vuil taal is wanneer ons woorde gebruik om mense –
  - te beledig.
  - te vloek.
  - seer te maak.
  - sleg te sê.
- Vuil en onweloweglike taal is meestal 'n teken van –
  - haat, en haat is sonde.
  - 'n swak selfbeeld.
- 'n Mens behoort altyd goed te sê wat –
  - mense goed sal laat voel.
  - mense nie beledig of verwyt nie.
- Ons vermy vuil taal deur mense –
  - eerder te vergewe as te vervloek.
  - om verskoning te vra wanneer ons kwaad aan hulle gedoen het.
  - se mooi eienskappe uit te lig en daarvoor te praat.
  - deur Jesus se oë te sien.
  - lief te hê.

## iets om te doen

Deel die klas in twee of meer groepe. Elke groep ontvang 'n A3-bladsy, 'n potlood, 'n skêr en gom. Die kategeet neem hier leiding en laat een kind in elke groep 'n groot prent van 'n dogter teken op die A3-papier. Die skets moet die hele bladsy vol wees. Terwyl die katkisant teken, moet hy of sy deurgaans vertel wat geteken word. Noem die dogter Magriet. Wanneer die prent klaar is, moet dit regop gehou word, sodat almal dit kan sien.

Die kategeet vertel dan die volgende storie – elkeen kan improviseer en na hartelus daaraan verander.

*Magriet word een oggend vroeg wakker en voel baie vrolik toe sy die voëltjies buite hoor kwetter en die lieflike sonskyndag sien. Sy voel sommer lus vir skool en bind 'n mooi lint in haar hare en trek gewone klere aan. Dit is mos loslitdag by die skool. Sy loop fluit-fluit kombuis toe. Toe sy in die kombuis kom, gee haar ma haar net een kyk en sê: “Magriet, gaan was jou gesig, en kyk hoe vuil is jou tekkies. Ag nee man!” (Een kind in die groep skeur nou 'n groterige stuk van die figuurtjie af.) Net voordat sy by die hek uitry, roep haar pa: “Sies man, kyk hoe vol modder is jou fiets, jy beter dit vanmiddag was!” (Skeur nog 'n stuk af.) Haar boetie kom daar verby: “Wat se funny klere het jy aan? Kyk hoe vieslik lyk jou tekkies. (Skeur nog 'n stuk af.)*

*By die skool wag Rianda nie soos gewoonlik vir haar by die fietsloods nie. (Skeur.) Toe sy by die klas instap, staan Rianda by 'n ander maatjie en draai haar rug op Magriet. (Skeur.) Die ander maatjie snou haar toe: “Jou dief!” (Skeur)...*

Gee nou vir elke vrywilliger 'n beurt om uit te brei op die storie. Hy of sy gaan dan voort met die storie en sê elke keer iets afbrekend oor Magriet. Wanneer hulle 'n stuk van Magriet afgeskeur het, gaan die volgende kind voort met die storie. Lei die verhaal sodat dit realisties bly. Hul verbeelding gaan soms op loop en dan vleg hulle sommer 'n moord in die storie in!

- Bespreek die volgende vrae:
  - Hoe dink julle voel Magriet?
  - Het julle al ooit so gevoel?
  - Hoekom? (*Die woorde en dade van mense kan seerder maak as dolksteke, sê die Bybel.*)
- Lees Spreuke 12: 18: *Praat sonder om te dink kan soos dolksteke wees; wyse mense bring genesing met wat hulle sê.*
- Laat hulle die stukke van Magriet se prentjie voor hulle plaas.
- Elke gesin gee nou 'n manier om arme Magriet beter te laat voel. Wanneer ons dit doen, doen ons wat die Bybel sê ons moet doen – *ons bring genesing met wat ons sê; ons woorde maak gesond.*
- Sodra iemand 'n positiewe voorstel gee, word 'n stukkie van Magriet vasgeplak.
- Hou so aan totdat Magriet weer heel is.

## **BY DIE HUIS**

### **Doen**

- Versoek elke gesinslid om in die komende week so op te tree dat hulle mekaar heelmaak deur wat hulle vir mekaar sê, asook deur die manier waarop hulle dit vir mekaar sê.
- Hulle moet dit as 'n uitdaging beskou om mekaar so op te bou.
- Dit moet 'n lewenswyse in hul huis word.
- Gee vir elke kind 'n kaartjie soos hieronder, sonder die woorde.
- Laat hulle self of saam met hul ouers 'n geskikte Bybelversie vir siek mense soek, dit op die kaartjie skryf en die kaartjie mooi versier.
- Laat hulle die prent met die Bybelversie in hul boeke mooi versier.
- Laat hulle die versie memoriseer terwyl hulle dit versier.
- Onthou: Elke kind gaan volgende week na klas die geleentheid kry om vir een of meer pasiënte 'n kaartjie met 'n glimlaggesiggie uit te deel.

### **Leer**

Laat die kinders Efesiërs 4: 29a gaan memoriseer: *Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is...*

## **AFSLUITING**

Lees Gesang 530: 1 en laat 'n ouer met wie vooraf gereël is, met gebed afsluit.

*Praat ek mense-, eng'letale, maar dis nie uit liefde nie,  
is my woorde hol simbole – klanke sonder melodie.  
Al kan ek geheime uitlê, berge deur geloof versit,  
of al het ek al die kennis – sonder liefde is ek niks.*

### **Belangrik:**

- Reël met die dominee en die siek persone wat besoek gaan word, en reël voldoende vervoer vir volgende week.
- Beklemtoon dat hulle volgende week hul ingevulde, ingekleurde kaartjies moet saambring – anders gaan hulle nie 'n kaartjie hê om te oorhandig nie.

